# STROOM OP

**AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL** **TWEEDE UITGAWE 2020**

A







F



I

1920
100
2020

F



E







S

## KULTUUR

Bl. 5



Selfs Covid-19 kon Affies se redenaars vanjaar nie stuit nie. In die aanlyn weergawe van die Radikale Redenaarskompetisie het Katleho Molakeng in graad 10 in die Afrikaanse Addisionele Taal-kategorie met die louere weggestap.

## SPORT

Bl. 8



Met die terugkeer van tennis na die inperking is dit verblydend om te sien hoe vinnig die spelers die roes kon afskud. Die Affie-manne het behoorlik hul staal gewys in die jaarlikse skoolkampioenskap, waar Jean Badenhorst uiteindelik in die finaal koning gekraai het. Boonop het vyf van Affies se spelers ook in hierdie tyd die provinsiale span gehaal. Bo is Jean Badenhorst in aksie.

## AKADEMIE



Die graad 10's wat Lewenswetenskappe as vak neem, het die Groenkloof Natuurreservaat vroeër vanjaar besoek om 'n deel van hulle praktiese werk in die veld af te handel. Van links op die foto is Stefan Greyling, Marcel Herselman, Marco Arndt, Franco Cillié en Morné Greyling.

# Redaksioneel

Dylan Lee

Almal het verwag dat die skool in sy eeufeesjaar 'n nuwe baadjie sou aantrek om die begin van 'n nuwe era by Affies in te lui, maar niemand het kon dink dat dit termometers, maskers of selfs saniteermiddels sou insluit nie.

Nadat die skole in Maart vir die grendeltyd gesluit is en die Affie-seuns vir bykans drie maande deur middel van Moodle, Teams en tuisgemaakte video's moes skoolgaan, het Affies sy spoggerige eeufeesbaadjie vervang met 'n beskermende baadjie wat elke leerder en onderwyser se gesondheid eerste gestel het. Toe die matrieks na die grendeltyd die skool in die koue maande moes trotseer, het die Boereplaas 'n voerkraal bygekry. Almal se temperatuur moes soggens geneem word, waarna hulle deur "drukgange" moes beweeg. Selfs die skoolklere moes gesaniteer word.

Ten spyte hiervan is die Affie-leefwyse voortgesit. Die spoggerige geesstokke in Affie-kleure wat tydens die sportseisoen gebruik word, is met unieke Affie-maskers vervang. Seuns is egter wel aangemoedig om mekaar nie soos gebruiklik met die hand te groet nie, maar eerder 'n "elmbooggroet" te gee om 'n veilige afstand te hou.

2020 sal onthou word as 'n jaar waarin ons almal moes terugtree en oor ons omstandighede besin. Ek dink almal het besef dat ons opreg dankbaar moet wees vir die dinge wat ons vroeër so maklik as vanselfsprekend aanvaar het.

## Redaksie 2020/2021



Van links is Marco Arndt, Ignus Ferreira, Jonty Bleeker (adjunkredakteur: Sport), Albert Retief (adjunkredakteur: Kultuur), Janno Bouwer (redakteur), Henko Brits, Janco Botes en Deon Spies. Reenen Herbst en Heinrich Immelman was afwesig.

# Nataniël kry *Toegang* tot Affies



Affies het in die eeufeesjaar sy buiging in die bekende kunstenaar Nataniël se nuwe TV-program, *Toegang*, gemaak.

Die program is geskiet by geskiedkundige plekke wat tydens die Covid-19-pandemie vir die publiek gesluit was. Nataniël het in hierdie leë geboue kos voorberei en het dan terselfdertyd meer vertel van die geskiedenis van plekke soos die Ooskerk, Smutshuis, Affies en selfs Loftus Versfeld.

Nataniël sê dat hy tydens die Covid-tyd begin het om kos te maak met basiese bestanddele en met die minste moeite. "Ek het besef die hele land moet dit leer. So, in elke episode berei ek 'n volle ete voor met net een pan, een pot, 'n eenplaatstoof en twee mengbakke – net die minimum. Hoe meer plate jy het, hoe meer skottelgoed maak jy. Hoekom? 'n Mens het immers net 'n vurk, 'n lepel en 'n mes nodig."

Nataniël se jarelange vriend en bekende pianis, Charl du Plessis, het die program telkens afgesluit deur die temalied in die onderskeie geboue te speel. Omdat daar in Affies se ouditorium twee klaviere is, het die twee besluit om die AHS-program met 'n duet af te sluit.

Nóg twee sterre in die program is die "robotstofsuiers", Laas en Leen, wat leë gange en ruimtes skoonmaak as simbool van die vernuwing wat gaan plaasvind wanneer die geboue ná die Covid-epidemie weer normaal funksioneer. Laas is juis vernoem na oud-Affie Nicolaas Swart (matriek 2002 en Nataniël se produksiebestuurder) omdat hy, waar hy ookal gaan, so graag skoonmaak.

Die program is op 1 Augustus voor die skool, in die mediasentrum en in die ouditorium opgeneem en is op 9 November op kykNET uitgesaai.

# Nuwe touleiers vir 2020/2021 aangewys

Janco Botes

Affies se nuwe leierskops is einde Oktober bekendgemaak en Dillon Smith is vanjaar reeds vroeg in die verkiesingsproses met 'n volstrekte meerderheid as hoofman verkies. Hy sal in 2021 ondersteun word deur 'n vaardige span onderhoofseuns – Quewin Nortjé (Sport), SJ Pienaar (Dissipline), Van Reenen Kruger (Sosiaal) en Jan Wiese (Kultuur).

Weens die COVID-19-pandemie het die Affieraadverkiesing vanjaar anders verloop. "Alles het digitaal plaasgevind en al was daar hier en daar 'n probleem, het die stelsel só goed gewerk, dat ons waarskynlik nie volgende jaar na papierstembriewe sal terugkeer nie," het me. Martina de Vos aan *Stroom-op* gesê.

Die nominante se CV's is ook vir die eerste keer op Moodle geplaas, wat dit vir leerlinge meer toeganklik gemaak het en hulle in staat gestel het om 'n meer ingeligte keuse te maak.

Die Affieraadkamp was weens die pandemie vanjaar op die skoolterrein en die seuns is oor die naweek in die koshuis gehuisves. Natuurlik was dit nie dieselfde as om in die bosveld om 'n vuur te sit nie, maar dit het die Affieraadvoogde wel die perfekte geleentheid gebied om self die leierskapstyle en -vaardighede in die verkose leerders waar te neem, omdat die aktiwiteite op die kamp vanjaar deur die voogde self beplan en aangebied is.

Die tema vir 2021 is "My Affie Voetspoor" en die Affieraad sal in 2021 fokus op hul nalatenskap. Elke graad streef daarna om 'n ander voetspoor of waarde te laat. Die graad agts fokus op Affie-Guts, die graad 9's op Broederskap, die graad 10's op Affie-Lig, die graad 11's op Eenmaal 'n Affie, altyd 'n Affie en die graad 12's op al die Affie-voetspore in geheel.




Die hoofleiers is slaggereed. "Affies 100 + 1 – 'n jaar waarin diep spore getrap gaan word," het hoofman Dillon Smith aan *Stroom-op* gesê. Van links is Jan Wiese (onderhoofseun Kultuur), Quewin Nortje (onderhoofseun Sport), Dillon Smith (hoofseun), Van Reenen Kruger (onderhoofseun Sosiaal) en SJ Pienaar (onderhoofseun Dissipline)

# AHS ONTVANG HOOFDE VAN ORALOOR

Jonty Bleeker



Na die isolasie tydens die grendeltyd, kon die hoofde ook tyd in die natuur deurbring. Hier is hulle vroegoggend by 'n uitkykpunt by Camp Discovery.





Die Affieraadslede het bontgestaan om die gaste by die lughawe en by Affies te verwelkom. Van links is Willem Smit, Reinhardt Ludwig, JP Wentzel, Reuben Coetzer, Zander van der Merwe, Christiaan Swanepoel en Jewyk Pretorius.



Die konferensiegangers druk in gesprek.

Affies het van 26 tot 28 Augustus die 26ste konferensie vir die hoofde van openbare seunskole vir die eerste keer aangebied. Twintig skole uit ses provinsies was verteenwoordig.

Die Swing-ensemble het die groep met vrolike musiek by die Kunstekampus verwelkom en almal het iets te ete gehad. Die bekende historikus en oud-Affie, prof. Fransjohan Pretorius (matriek 1966), het in die ouditorium 'n aanbieding gedoen oor AHS se ontstaansgeskiedenis. (Sien berig onder.)

Die hoofde het daarna vertrek vir 'n besoek aan die Universiteit van Pretoria, waar hulle deur die rektor, prof. Kupe, toegespreek is. Die hoogtepunt was die besoek aan die nuwe Javitt Kunsgalery waar die kurator die universiteit se ongelooflike kunsversameling aan die besoekers bekendgestel het. Die groep het toe vir die res van die konferensie na Camp Discovery in die Dinokeng Natuurreservaat vertrek.

Afgesien van broodnodige persoonlike skakeling, bied die formele aanbiedings en besprekings by die konferensie jaarliks ook pitkos en stof tot nadenke aan die hoofde. Verskeie genooide sprekers het ingewikkelde kwessies wat by seunskole relevant is, bespreek, sowel as moontlike oplossings vir dié uitdagings. Twee Affie-onderwysers, mee. Elmarie van Loggerenberg en Gene van Wyk, was deel van 'n groep van nege sprekers wat die hoofde by dié die driedag-konferensie toegespreek het.

## Geskiedkundige plaasskool kry leermateriaal by Affie 100 Fonds Trust

Albert Retief

Laerskool Uitkyk naby Middelburg het een van die jongste skole geword wat kon voordeel trek uit die werksaamhede van die Affie 100 Fonds Trust se Skole Ondersteuningsprojek. Die skool is 105 jaar oud en is een van die laaste plaasskooltjies in die land.

Dr. Konstant Bruinette (oud-Affie 1955) het die skool se behoeftes onder die aandag van die Trust gebring en ná 'n besoek aan die skool in Junie is onderrigmateriaal in Julie en Augustus afgelewer.

Laerskool Uitkyk het sy deure op 3 Mei 1916 geopen en is 35 km buite Middelburg op die Stoffbergpad geleë. Die skool het 72 leerlinge en ses onderwysers wat dikwels vir meer as een graad in een klaskamer skoolhou.

Hierdie spesifieke projek is gefinansier uit die Rupert Onderwysstigting se bydrae tot die Affie 100 Fonds om Afrikaanse onderrig te bevorder.



2020



1916

## Oud-Affie vertel Affie-storie in *Beeld*

Affies is tans die enigste enkelmedium Afrikaanse Seunskool in die land. Om hierdie rede het die bekende historikus en oud-Affie (matriek 1966), prof. Fransjohan Pretorius, tydens die hoofdekonferensie 'n aanbieding oor die ontstaansgeskiedenis van die Afrikaanse Hoërskool binne konteks gedoen. 'n Uittreksel hieruit (foto onder) het ook in *Beeld* verskyn.



Affies vanuit die staanspoor trots Afrikaans

Terugblik
Fransjohan Pretorius

Dit is gepas om aandag te gee aan die ontstaansgeskiedenis van die Afrikaanse Hoër Seunskool en die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria, wat vanjaar 100 jaar oud is – en uit die staanspoor Afrikaans.

'n Skool ontstaan omdat daar in die betrokke gemeenskap 'n behoefte daaraan is. So was dit met die Afrikaanse Hogere Skool in Pretoria in 1920. Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het in sy nasleep onvoor-

[...]

king wat die behoefte aan onderwysgeriewe vergroot het.

Hoewel die Afrikaner vanweë sy getalle polities in beheer was, moes hy ekonomies en kultureel die knie voor Britse meerderwaardigheid buig. Vir geslagte sou hy die armblanke wees. Kultureel kon hy nie die mas opkom teen 'n eeue oue Britse kultuur nie, veral omdat hy nie Nederlands magtig was nie en Afrikaans se letterkunde gering.

Die Vrede van Vereeniging in 1902 en lord Milner se verengelsingsbeleid het verseker dat die voertaal in die skole Engels was. Kinders wat in die klas Afrikaans gepraat het, is eenvoudig verneder.

Die Tweede Taalbeweging teen

[...]

baar was, maar Afrikaners moes ervaar hoe Engelssprekendes en pro-Nederlandse Afrikaners die "kombuistaal" verag het.

'n Bitter geveg aan twee fronte.

Gustav Preller en andere het in 1905 die Afrikaanse Taalgenootskap in Pretoria gestig om Afrikaners te oortuig om hul taal te praat, te skryf en 'n Afrikaanse nasionale gevoel te ontwikkel. Die meerderheid lede van die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, gestig in 1909, sou uiteindelik Afrikaans bo Nederlands kies.

[...]

Vir geslagte sou hy die armblanke wees.

[...]

eniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika" aangedui dat Afrikaans as onderrigtaal ingevoer behoort te word. Die stigting van die Nasionale Party in 1914 en die Eerste Wêreldoorlog en die gevolglike Afrikaner-rebellie van 1914-'15 het 'n Engelse administrasie negatief teenoor Afrikaners en Afrikaans ingestel.

Onder dié omstandighede het die provinsiale raadslid Bernie Hattingh met 'n werkkomitee die inisiatief geneem om 'n Afrikaanse hoërskool in Pretoria te stig. Alfred Robertson, die Transvaalse admini-

[...]

Joubert, seun van kmdt.genl. Piet Joubert, het die saak met geesdriftige ouers verder gedryf.

Einde 1919 het die uitvoerende komitee van die provinsiale raad sy goedkeuring verleen. Op 28 Januarie 1920 het die Afrikaanse Hogere Skool in Piet Joubert se huis in Visagiestraat begin, met 45 seuns en meisies – 35 in vorm II (gr. 9) en tien in vorm III. Sedert April 1920 was Frank le Roux die eerste permanente hoof.

In 1925 is Afrikaans as amptelike taal erken. Vyf jaar later het die Afrikaanse Hoërskool vanweë sy groei die huidige geboue betrek as die afsonderlike Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria en die Afrikaanse Hoër Seunskool.

## *Nuwe medialosie 'n aanwins*

Armand Cremer




Die A-veld spog nou met 'n splinternuwe medialosie met kameraplatforms. Hiermee saam is 'n nuwe telbord opgerig wat ook vir die uitsending van beeldmateriaal gebruik kan word. Die skerm is in 'n netjiese struktuur ingebou waarin sporttoerusting gestoor word. Aan die tennisbane se kant is 'n nis in die muur ingebou waarin een van Affies se vroegste tennisfoto's geplaas is.

# MAGDOM GRAAD 8'S BY DEBATUITDUNNE



Daar was strawwe kompetisie tussen die graad agts vir 'n plek in Affies se debatspanne. Hier is Gustav Vogel, Janu Venter en Joshua van Zijl in aksie.

Nie minder nie as sestig graad agts het op Maandag 5 en 12 Oktober aan vanjaar se interne debatskompetisie deelgeneem. Dié geleentheid dien jaarliks ook as uitdunne vir Affies se junior debatspanne wat die skool in eksterne kompetisies soos Dink-of-Sink en die ATKV-debatskompetisie verteenwoordig.

Die 60 deelnemers moes meeding om 24 plekke in Affies se ATKV-debatspanne. Onderwerpe waaroor gedebatteer is, het ingesluit ''Sportsterre word (nie) te veel betaal (nie)", ''Geskiedenis behoort (nie) 'n verpligte vak tot matriekvlak te wees (nie)" en "Sosiale media doen meer goed as kwaad/kwaad as goed".

Deon Spies

Volgens Affies se hoofafrigter, dr. Gustav von Bratt, bied debat aan leerders 'n groot ontwikkelingsgeleentheid. "Dit leer jou om op jou voete te dink, dit help jou om ander mense se voorstelle te oorweeg, te ontleed en om daarop te reageer en ook om ander mense van jou standpunt te oortuig." Dr. Von Bratt het voorts gesê dit help nie 'n mens het ongelooflike idees, maar kan dit nie aan ander mense kommunikeer nie.

Die beste debatspanne en beste debatteerders is na afloop van die onderskeie kompetisies aangewys en daarna is die Affie-debatspanne vir 2021 bekendgemaak.

* Veertig seniors het op hulle beurt op 20 Oktober ook om plekke in Affies se debatspanne vir 2021 meegeding.

# Nuwe adjunkhoof en departementshoof



Oud-Affie mnr. Schalk Wessels is in September aangewys as die nuwe adjunkhoof.

Hy is reeds sedert 2012 by AHS werksaam en het in 2003 aan AHS gematrikuleer .



Me. Yvonne Bredell is by dieselfde geleentheid ook aangestel as departementele departementshoof: Engels. Sy is al sedert 2001 'n Affie en het reeds jare ervaring as interne departementshoof.

# Koffiekapitaal!



1 Oktober was Internasionale Koffiedag en die skool het elke personeellid met 'n gratis koffie of cappuccino by 1920 bederf. Mnre. David Jaquire, Leon Jonker, Jan-Hendrik Hattingh, Pieter Cronjé, Jan Grabie, Ryno van der Merwe en Neville Rothman het reeds vroeg op dié reënerige oggend van die welkome aanbod gebruik gemaak.

# Vrolike gekuier tydens virtuele wildsfees

Dylan Lee






Aanbieders Jay (Affie-pa) en Venes-Marie Proudfoot (oud-Affie)

Die wildsfees is vanjaar virtueel uitgesaai en te danke aan die vele aanpassings wat die komitee moes maak en die harde werk van al die betrokkenes, was dit 'n groot sukses! Huidige sowel as oud-Affies kon 'n vertoning van ons land se topkunstenaars in die gemak van hul eie huis geniet. Die finaliste van die Affie Artes Koppekap-orkeste het ook geleentheid gekry om in elke kyker se huis musiek te maak. Alhoewel die gesogte wildsvleispotjies en pampoenkoekies nie noodwendig in elke huis bedien is nie, was daar beslis oral 'n vleisie op die kole en waarskynlik ook 'n braaibroodjie of twee.

# Bekende gesigte by Affies tree af



Twee van Affies se staatmakers het onlangs afgetree. Mnr. Lobius Papo (links) het van Januarie 2002 af by die skool gewerk terwyl me. Liesbet (Elizabeth) Mashiane van Januarie 2003 hier werksaam was.

Me. Mashiane het aanvanklik by die Appelkas begin werk, maar later na die skool oorgeskuif waar sy as algemene assistent aangestel is.

Mnr. Papo was ook as algemene assistent werksaam en was veral betrokke by die "Loftus"-parkering oor naweke en het op gereelde basis by funksies uitgehelp. Hy gaan aftree by sy huis naby Polokwane en sien daarna uit om sy eie groentetuin aan te lê.

Mnr. Handri Bezuidenhout (faktotum) staan hier by mnr. Lobius Papo en me. Liesbet Mashiane.

# Amper 'n Affie!



Die skool het tydens die grendeltyd 'n nuweling verwelkom. Harko Murray Mulder (foto links) is op 2 April gebore en is volgens ma Ingrid 'n groot vreugde in haar en pa Jo se lewens. Affies sien uit om hom DV in 2034 as graad aggie te ontvang!

* Me. Carmi Viljoen het op 15 Oktober ook 'n seun, Thomas, ryker geword - *Stroom-op* berig later hieroor.

# "Beurtkrag" bult spiere by Koppekap

Die enigste Artes-aktiwiteit wat in die Covid-jaar kon voortgaan, was die Koppekap. Vanjaar se wenners was Beurtkrag (foto onder).
Die groep het 'n optreegeleentheid gehad tydens vanjaar se virtuele wildsfees. Die twee ander groepe wat as finaliste uit die stryd getree het, was Suid-Wes met Wilhelm Warmenhoven (kitaar), Stephan Botma (hoofsanger) Lize-Mari Basson (kitaar en sang) en Liandré Greyling (klavier en sang) en The Sun Seekers met Nevan Robbertze (kitaar en sang), Werner Farmer (kitaar), Ruben Radyn (dromme) en Jacques Badenhorst (kitaar en sang).



Die wenners van Koppekap! Van links is Klara Greeff (baskitaar), Danelle Pretorius (klavier), Rohan Grobbelaar (dromme), Adelle Neels (hoofsanger) en Nicole Sutton (saksofoon).

# CORONA-0, AFFIE-REDENAARS-1

Henko Brits




Marnitz van Jaarsveld, Paul Sweers, Albert Retief en Marco Steyn

Die wêreldwye pandemie het 2020 op sy kop gekeer en alle sportgeleenthede, musiekfeeste en groot samedrommings is opsy geskuif of tot volgende jaar uitgestel. Maar selfs Covid-19 kon Affies se redenaars vanjaar nie stuit nie.

In die aanlyn weergawe van die Radikale Redenaarskompetisie het Katleho Molakeng (graad 10) in die Afrikaanse Addisionele Taal-kategorie met die louere weggestap. Die graad 11's, Marnitz van Jaarsveld, Paul Sweers, Albert Retief en Marco Steyn (foto bo) was op hulle beurt tweede in die spanredenaars-afdeling.

Die Radikale Redenaarskompetisie is aanlyn gehou en deelnemers kon, soos in die verlede, in spanne of individueel deelneem. Almal moes 'n video van hulself of die groep maak en dit aan die organiseerders e-pos. Die beoordeelaars het dan na die video's gekyk alvorens die finale uitslae op 18 September bekend gemaak is.

Die ATKV-redenaarskompetisie is ook afgestel, maar is vervang met die Digi-praat-platform. Hier het Dylan Lee 'n A++ en Albert Retief 'n A+ behaal.

By die Van Huyssteens Oratorical Unprepared Speaking Festival is die graad 11-span in die Engelshuistaalafdeling vir die derde jaar agtereenvolgens as die wenners aangewys. Die lede van hierdie span was Albert Retief, Armand Pelser, Aaron Tollig en Marnitz van Jaarsveldt.

# *Lentekonsert met 'n verskil*

Die musiekdepartement het vanjaar op Erfenisdag 'n virtuele Lentekonsert gehou, met 19 Affies wat hul slag op 'n groot verskeidenheid instrumente gewys het. Op die foto is mnr. Arnold Cloete (Hoof: Uitvoerende Kunste), me. Engelie le Roux (begeleier) en Barend Fourie (graad 9) vooraf besig met opnames in die Ben Schoeman Ouditorium.



# Koor en orkeste groet matrieks



Die koor en die orkeste het vanjaar hulle onderskeie afskeidsfunksies in Oktober gehou. Tian Lategaan, konsertmeester van die Konsertorkes (foto links), ontvang 'n afskeidsgeskenk van mnr. Peregrine Joynt. Agter hulle staan me. Estelle Matthee (organiseerder).



Henry van der Westhuizen het op sy beurt vanjaar die Deon du Plessis Prestigetoekenning vir leierskap tydens die koorafsluiting ontvang. By hom is mnr. AJ Maree (dirigent) en die hoof, mnr. Peregrine Joynt.

# Drie Affies deur Voortrekkers vereer

Die Presidentsverkennertoekenning van die Voortrekkers is 'n nasionale toekenning vir kulturele leierskap en is die hoogste eer wat 'n skolier van dié organisasie kan onvang. Andrew Candiotes, Geordan Beattie en Muller Pretorius is vanjaar as Presidentsverkenners aangewys.



Andrew Candiotes



Geordan Beattie



Muller Pretorius

# OUD-REDAKTEUR WORD DIRIGENT



Oud-Affie Jacobus de Jager (matriek 2015) is besig om hom by die Universiteit Stellenbosch as dirigent te bekwaam.

*Stroom-op* het hom uitgevra oor sy interessante musiekloopbaan.

**Hoe het jy by dié rigting in die musiekbedryf betrokke geraak?**

My belangstelling het al op hoërskool begin en ek het in graad 11 en 12 op elementêre vlak verwerkings by die musiekdepartement se jaarlikse voordragkonserte gedirigeer. Daarna het ek dirigeerkuns as tweede instrument onder prof. Corvin Matei by Stellenbosch Universiteit geneem. In 2018 het ek met privaatlesse begin by Maestro Daniel Boico, die hoof-dirigent van die MÁV simfonie-orkes in Budapest.

Ek is in September 2019 na St Petersburg om dirigeerkuns onder prof. Alexander Polishchuk te studeer. Hy was die assistent van prof. Ilya Musin, wat die bekende skool vir dirigeerkuns en -tegniek in St Petersburg begin het. St Petersburg se Musiekskool het definitief die beste departement vir dirigeerkuns in die wêreld, met vier professore wat hierin klasgee. Daar is ook 'n dirigeerkuns-orkes, wat spesiaal daar is vir die opleiding van die dirigente. Dirigeerkuns is werklik 'n kunsvorm op sy eie.

**Waarom is die werk van 'n dirigent so ingewikkeld?**

Die basis van die tegniek is tydhou, maar 'n goeie dirigent staan nie en tik net die tyd af nie - 'n metronoom of enige speler kan dit doen. Die dirigent moet uiteindelik in staat wees om die groep as 'n eenheid te lei en om seker te maak dat die orkes as 'n geheel funksioneer. Die belangrikste rol wat hy egter het, is om die rigting aan te dui waarin die musiek beweeg, met ander woorde dat die frasering korrek is. 'n Goeie dirigent moet altyd, nog voordat die musiek gespeel word, daaroor dink, dit voel en ervaar en dit aan die orkes oordra met hand-, gesig- en lyfgebare.

Behalwe vir tegniek moet 'n dirigent iemand wees wat lei en wat luister, wat kan vrede maak tussen orkeslede en al die interne politiek verstaan. Die menslike interaksie in 'n orkes word dikwels onderskat. 'n Dirigent werk immers met mense, nie met siellose instrumente nie. Die dirigent moet die selfvertroue hê om selfs gesoute spelers op 'n respekvolle manier te lei. Boonop moet hy genoeg van besigheid weet om na die geldsake van die orkes om te sien en geld in te samel.

**Wil jy dirigeerkuns graag as 'n loopbaan volg?**

Ja, maar ek sal ook graag 'n filmregisseur wou wees. Op die oomblik probeer ek egter om op een ding op 'n slag fokus. Maar wie weet? Ek probeer my opsies oophou as pianis, dirigent en ook in die kuns en die filmwêreld.

'n Mens weet nooit...

# Oud-Affie slaan balle nou tot in die Indiese Oseaan



Ruan de Swardt speel in 2016 'n omgekeerde veeghou in die Affie eerstespan se oorwinning oor Grey Kollege tydens die T-20-finaal in Potchefstroom.

Henko Brits


Oud-Affie Ruan (Patches) de Swardt (matriek 2016) is besig om vir homself naam te maak. Hy is vroeër vanjaar aangewys as die Assupol Tuks Krieketspeler van die Jaar, Krieket Suid-Afrika (KSA) se studente-krieketspeler sowel as KSA se provinsiale eendag-krieketspeler van die jaar. Hy het ook onlangs 'n kontrak by die Natalse krieket-franchise, die Dolphins, losgeslaan. Hy spog met 'n kolfgemiddeld van 55 in eersterangse krieket en 'n gemiddeld van 88 in lys A 50 boulbeurt-wedstryde. Ruan se droom is om eendag as die Ben Stokes van Suid-Afrika bekend te staan.

Ruan is een van slegs dertien Suid-Afrikaners wat SA Skole in rugby sowel as krieket verteenwoordig het.

# KORTLIKS

## Skaak

Twee Affies is gekies vir die Suid-Afrikaanse skole B-span. Hulle is Hein van Rooy en Daniel du Toit.



Hein van Rooy



Daniel du Toit

## Blitsbreine

Verskeie Affies het onlangs aan Blitsbrein Junior op DSTV deelgeneem.

Josua Markram was tweede in Gauteng in die kompetisie vir graad agt en nege.

In die graad 10- en graad 11-kompetisie was Markus Nel eerste in Gauteng en derde in Suid-Afrika. Joshuan du Toit het tweede in Gauteng geëindig terwyl Mikail Köhler onder die Top 10 in Gauteng was.

## Nóg 'n slimkop

AD Kotze het na die derde rondte van die Nasionale Wiskunde Olimpiade deurgedring.


# 'n Essenhout vir Affies




Radio Pretoria het einde September op boomplantdag 'n Kaapse essenhoutboom aan Affies geskenk.

Op die foto is mnr. Dirk Taljard (regs) saam met oud-Affie MD Greyling (matriek 2002), tans bekend as sanger en omroeper by Pretoria FM.

# Vinkel en koljander





Mnre. Ruan en Niell Jacobs was in 2006 in matriek en is albei sedert Januarie by Affies se Sportkantoor werksaam. Al is die twee nou 'n hele paar jaar ouer, word hulle steeds bitter moeilik uitmekaar geken!

# MATRIEKS GROET



Die graad 12's het op 23 Otober van Affies afskeid geneem. Weens die Covid-regulasies is die tradisionele saalbyeenkoms met 'n geleentheid op die rugbyveld vervang. Die hoofleiers het hul afskeidsboodskappe gelewer, waarna die seuns oor die verhoog kon stap en die klok buite lui. Die groep het kans gehad om die gebruiklike liedjies en die skoollied te sing, voordat hulle daarna die kerkdiens, wat ook by die rugbyveld op die pawiljoen plaasgevind het, saam met hul ouers kon bywoon.





# Ntando in Netflix-dokkie

Marco Arndt

Ntando Mahlangu (graad 11) is tans te sien in 'n dokumentêre program wat op Netflix uitgesaai word. *Rising Phoenix* plaas die kollig op die Paralimpiese Spele en verduidelik hoe dit wêreldwyd die idee van gestremdheid, diversiteit en uitnemenheid beïnvloed. Die film maak dit ook duidelik dat 'para' vir 'parallel' staan en nie "paralysed" nie.

Behalwe dat Savannah, die jagluiperd wat saam met hom in die film verskyn, nie werklik sy troeteldier is nie, het Ntando *Stroom-op* verseker dat die boodskap en storie wat in die film uitgebeeld word, so eg is as wat kan kom. In die onderhoud met Ntando vertel hy van sy drome en wys die landelike omgewing waar hy grootgeword het.

Ntando sê hy waardeer die filmmakers se moeite en poging ongelooflik baie.



"Wat hulle reggekry het, is om te wys wié Ntando en ook die ander paralimpiese atlete in die program werklik is," sê hy.




# By Affies dra ALMAL maskers…

Jonty Bleeker



Penelopy …



Napoleon …



en sekere ouens in die Lewenswetenskappeklas.

# Koshuis en Corona

Jonty Bleeker

Die koshuisbrakke het die afgelope paar maande 'n nuwe lewe ervaar waar die hoogste temperatuur nooit bo 38 grade Celsius is nie en waar alle planne wat broei – van "uitslip", tot nagswem en selfs virusoordrag – in die spore gestuit word.

Tog is die koshuisinwoners se gees nie geblus nie, met baie wat steeds onder die maskers glimlag en wat hul stories vir mekaar vertel – nou net oor 'n groter afstand van 1,5 m. Alkohol word nou toegelaat, maar slegs in die vorm van saniteermiddels wat gereeld voor elke ete in die eetsaal bedien word. Seuns kry darem smiddae vryheid in die vorm van oefening op die A-rugbyveld, met 'n onderwyser wat streng toesig hou. Selfs die seuns se fone het uiteindelik maniere gekry deur elke keer ewe ordentlik "Thank You" te sê nadat die vraelys voor skool ingevul is.

Elke koshuis-Affie slaap egter saans gerus in sy eie kamer met die wete dat die onderwysers hul beste belange op die hart dra en Corona uit die longe hou.



Theuns Maritz en mnr. Jaco Koch voor die eetsaal.



# Albatrosse, Arende en Voëltjies vir Affie-gholfkoning

Henko Brits

Chrisjan Maas (graad 11) het in Oktober die GNGU se Silwer Salver Amateurtoernooi gewen wat oor vier rondtes op die Irene gholfbaan plaasgevind het.
Sy telling van 27 onder baansyfer het rondtes ingesluit van 65-64-66-66. In die tweede plek was oud-Affie Dawid Opperman (2016).

Vroeër het Chrisjan ook aan die Gauteng-Noord Juniortoernooie deelgeneem.
Hy het 'n gesamentlike eerste plek by Zwartkop en 'n eerste plek by Irene behaal. In al drie die amateurtoernooie wat einde Augustus, September en aan die begin van Oktober plaasgevind het, het hy skoonskip gemaak.

Hy het ook aan drie Big Easy IGT-toernooie deelgeneem. Op 7 September by die Copperleave-gholfbaan het Chrisjan vyfde geëindig. Op 21 September het hy op die Dienste-gholfbaan die beste telling ná drie rondtes gehad en met die trofee weggestap. In die laaste toernooi, weer by Copperleave, het Chrisjan die bordjies verhang en nóg 'n trofee voor die ander spelers se neuse weggeraap.



## Eckhart op pad na wêreldkampioenskap

Henko Brits



Eckhart (bo) is ingesluit in die voorlopige Suid-Afrikaanse span wat in 2021 aan die Junior Wêreldkampioenskapbyeenkoms in Kenia deelneem.

Eckhart Potgieter het vanjaar by die NWU-PUK Interhoër by Ruimsig die aandag van atletiekentoesiaste op hom gevestig met 'n puik tyd van 10,33 sekondes in die 100 m vir seuns onder 19, en dit opgevolg met 'n skitterende rekordtyd van 20,97 sekondes in die 200 m. Met die tye van Suid-Afrikaanse senior atlete in ag genome, maak dit hom die vyfde vinnigste naelloper in die land.

Eckhart het hierdie prestasies voortgesit met sy persoonlike beste tye van 10,23 (100 m) en 20,57 (200 m) tydens die AGN-kampioenskapbyeenkoms later in die seisoen.

## Rugby begin die "verlore" seisoen op hoë noot

Rugby is vanjaar behoorlik deur die Covid-epidemie geknou, maar die Witbulle en A-spanne kon darem wedstryde teen Helpmekaar en Diamantveld speel voordat alle skoolsport afgestel is. Die Witbulle het met 85-10 teen Diamantveld geseëvier en het Helpmekaar gewen met 'n telling van 27-17. Die A-spanne het ook al hulle kragmetings gewen.

Die res van Affies se spanne het almal minstens een wedstryd gespeel. Die skool het in 46 wedstryde meegeding, waarvan hulle 40 gewen en slegs ses verloor het.



Op die foto bo gee Willie Potgieter die bal tydens die wedstryd teen Helpmekaar vir Beorn Graham aan.

## Vyf spelers haal provinsiale span!

Heinrich Immelman

Nie minder nie as vyf Affies het vanjaar die provinsiale tennisspan gehaal. Voor is Enzo Loots en Günter Lubbe en agter staan Jean Badenhorst, Wian van der Berg en Gustav Hefer.



## *Swemmers weer op dreef*

Janno Bouwer

Swem het, soos al die ander sportsoorte, in 2020 tot stilstand gekom en vir sowat drie maande was daar geen gespat in die water nie. Die meeste swemmers het egter planne gemaak en by hul huise fiks gebly en kon die nuwe swemseisoen met groot entoesiasme aanpak.

Henré Louw (graad 12) en André van der Heever (graad 8) het nie op hulle laat wag nie en is gekies om deel te wees van Swem Suid-Afrika se oefengroepe – Henré in die Senior Jeugspan en André in die Jeugspan.

Daar het ook Affie-swemmers vir die Nasionale Oopwater Swemspanne gekwalifiseer. Hulle is Henré Louw (Elite senior en Jeugspan), Ricardo Rebelo (graad 9) en Richardt Beineke (graad 10) vir die Jeugspan.

Die Pretoria-swemmers het hul eerste NTS-kortbadgala van 24 tot 26 September gehou. Hierdie gala is onder streng Covid-reëls aangebied en het nuwe moed en motivering vir die swemmers gebring.



Foto: Mighty Fine

André van der Heever tydens die Pretoria A-Interhoër by Hillcrest.

## Witbuldinee



Die Witbulle se afrigters, mnre. Jaco Koch en Jan-Hendrik Hattingh oorhandig 'n afskeidsgeskenk aan Bjorn van Wyk tydens die erkenningsaand wat op 9 Oktober in die skoolsaal gehou is.